*I.J. van der Walt*

# SENDINGGESKIEDENIS EN KERKGESKIEDENIS

Sendinggeskiedenis is benewens Sendingteorie en Elenktiek die derde ondersoekgebied van die jong teologiese dissipline: Missiologie. Karel Graul het al in 1864 daarop gewys dat die sendinggeskiedenis tot die teorie van die sending behoort net soos die geskiedenis van die onderwys tot die opvoedkunde behoort.

## 1. Die Roomse sendinglektuur

Werklike bepaalde sendinglektuur het sedert die dertiende en veertiende eeu in die geskiedenis van die Christendom verskyn toe laasgenoemde hom polities, teologies apologeties en missionêr prakties jeens die Islam moes verantwoord. Christelike apologete soos Petrus Venerabilis (± 1092-1156), Alanus ab Insulis (± 1120-1202), Rupert von Deutz (± 1070-1129) moet aldus verstaan word: Hierdie en dergelike lektuur wou oor die grond, wese, noodsaaklikheid en metode van die sending duidelikheid kry.

Met en tydens die na-Reformatoriese sendingbeweging gebeur dieselfde toe sendingteoretiese vrae behandel is deur teoloë soos Herborn, die Dominikaan F. von Vitoria, die Fransiskaan J. Focher, die Jesuïet Jose de Acosta e.a. Dit vind 'n hoogtepunt met die studie van Tomas de Jesus ter fundering van 'n sendingpropagandabyeenkoms in 1622, toe oor die metodiek besin is en 'n bestekopname van die sendingsituasie gemaak is. Dit word as 'n wendingpunt in die sendinggeskiedenis beskou.

Die sendingteorie en nie die sendinggeskiedenis nie staan dus by die aanvang van die sendinglektuur. Die sendingpraktyk het vrae om 'n antwoord laat roep.

Gedurende die 16de eeu was die metodiek aan die orde, gedurende die 17de eeu die stryd tussen die episkopaat en die sending en in die 18de eeu besondere problematiek.

Toe die Belg Arnoldus Mermannius in 1572 sy *Theatrum conversionis gentium* geskryf het, was dit die begin van sendinggeskiedskrywing wat uit teo-

retiese besinning gegroei het. Hy het naamlik daarin die destydse Roomse Kerk met die vroegste kerk vergelyk. Daarmee is die sendinggeskiedenis binne alle breë historiese geskiedskrywing en langs kerkgeskiedenis geplaas. Ten spyte daarvan het die kerkgeskiedskrywing feitlik alle aandag gemonopoliseer met die aandag wat die Reformasie verdien en verkry het, en het sendinggeskiedenis op die agtergrond gebly. Desnietemin het die sending egter nou deeglike oorweging geniet op 'n wye front in wêreld- en kerkgeskiedenis, reisbeskrywings, sendingberigte, etnografiese materiaal ens.

Verdere bydraes was die volgende:

Giovanni Botero skryf in 1591-1596 sy sewedelige *Relationi universali* ter voorbereiding van die *Congregatio de propaganda fide.* Deel 3 skilder die Katolisisme in Indië, Oos-Asië en Afrika en deel 4 dié in Midde- en Suid-Amerika.

In 1611 kom Alonso Fernandez met die eerste poging van 'n sendinggeskiedenis van die moderne tyd. Dit was 'n goed gedokumenteerde studie. Dieselfde geld van die *Historia ecclesiastica seculi XV et XVI* van die Nederlandse Jesuïet Cornelius Hazart. Hierna verskyn etlike ander sendinggeskiedenisbewerkings. Vermeldenswaardig is dié oor die invoering van die Christendom in China deur die Belgiese Jesuïet Nicolas Trigault in 1615.

Teen die middel van die 17de eeu was daar sendinggeskiedenisse oor die meeste sendingareas.

Die feit wat hiermee vasgestel word, is dat hiermee 'n bepaalde tipe geskiedskrywing binne die sendinggeskiedskrywing vorm en gestalte vind ten opsigte van inligting, bouvorm en konstruksie. Dit is 'n sendinghistoriografie waar nie die feite primêr belangrik is nie maar die omlysting van die aanbieding: liggelowigheid, nuuskierigheid van die outeur, die godsdienshistoriese agtergrond waarteen die feite aangebied word, die eie standpunt van Christelike teologie en antieke mitologie.

'n Voorbeeld: die Fransiskanersendeling Bernardino de Sahagún se sendingbeskrywing (totaal 12 dele) wat berus op 'n vraelys van inheemse priesters oor hoe die Meksikaanse kultuur binnegedring moet word, wat die astekiese mitologie behels en wat die diepte van die volkslewe is.

Sy beskrywing steun dus op die oortuiging dat kennis van die Asteke voor-

waarde vir die sending is. In hierdie lig moet ook Bartolome de las Casas se *Historia General de las Indias* en Gerómimo de Mendieta se *Historia ecclesiastica Indiana* gesien word. Eersgenoemde beskryf die verhouding van godsdiensvryheid en sending. Kerstening moet naamlik met oortuiging geskied.

Sendinggeskiedskrywing was dus nie 'n aaneenryging van gebeurtenisse nie maar 'n beplande oorsig van die kerstening volgens al die aspekte daarvan; nie net beskrywing nie maar ook teologiese evaluering. Anders gestel: dit bied 'n weergawe van die stryd tussen God en die Satan.

Die 18de en 19de eeuse sendinggeskiedskrywing staan in 'n heeltemal ander dimensie. Die vroeëre Roomse sending is grootliks deur Spaanse, Portugese en Franse vorste gedra.

Nou word dit die bedeling van sendingverenigings, sendingtydskrifte, -traktate, -voordragte, -feeste ens.

Die sendingdokumente het toe meesal uit biskoplike rondskrywes, reaksies van biskoppe ens. bestaan. Sedert die helfte van die 19de eeu het die sendinggeskiedenisse verskyn. Maar dit het grootliks op die minderwaardige bronne berus. Die gevolg was dat die sendinggeskiedenis 'n insinking beleef het. Legendariese suksesse van offers deur sendelinge is as histories beskou, en veral is 'n eensydige anti-Protestantse klank gehoor. Dit was veral die sendinghistorikus Henrion met sy bombastiese styl wat hom aan eersgenoemde en Hahn en Marshall wat hulle aan laasgenoemde eensydigheid skuldig gemaak het.

Teen die einde van die 19de eeu het sowel die sendinggeskiedenis as die breë sendinglektuur na 'n hoër vlak beweeg. Die Roomse tydskrif *Die katholischen Missionen* (1873) het na die bodem van saaklik konkrete feite afgesteek.

Dit is opgevolg deur sendinghistoriese monografieë by wyse van kritiese historiesebeskouing en bronnenavorsing.

Sedert 1909 bestaan daar 'n onverdeelde en planmatige Roomse sendingwetenskap, wat uit die voormalige gebreke en leemtes van die verlede gegroei het. Hiermee bedoel ons die Roomse "Biblioteca Missionum" en Joseph Schmidlin se sendinggeskiedenis. Laasgenoemde word ten spyte van

foute en oorsigte die grondslag van daardie sendinggeskiedenis. Dit open die weg vir bronne en monografiese behandeling van persone, lande en vertellings.

## 2. Die Protestantse literatuur

Die aanleidende gebeurtenis vir die Protestantse sendinggeskiedskrywing is die Deens-Hallese sending in die Suid-Indiese Tranquebar.

In 1723 verskyn Robert Millar se *History of the propagation of Christianity;* in 1731 Johan Albert Fabricius se *Salutaris lux Evangelii*" en Friedrich Samuel Bock se *Kurzgefaszte Missiongeschichte* in 1743. Dié van Millar is die omvattendste en deeglikste van die drie. Millar beskou die sendinggeskiedenis as 'n deel van die kerkgeskiedenis. Tog behandel hy dit afsonderlik, omdat die kerkhistorici gewoonlik die sendinghistoriese gegewens met die kerkgeskiedenis vermeng. Hy maak dit los van die kerkgeskiedenis, omdat hy daarin die goddelike oorsprong van die Christelike godsdiens aantoon en die geskiedenis van die sending aanbied as bewys vir die waarheid en werklikheid van die Christendom.

Millar laat die sendinggeskiedenis dikwels die korrektief op die kerkgeskiedenis bied. Hy beskryf sowel die Roomse as die Protestantse sending krities en lê ook die sendingmotiewe bloot.

Bock bring op sy beurt die motief van die terugwerking van die heidensending op die tuisgemeente na vore. Bock beskryf nie net nie maar evalueer ook. Dit blyk uit sy teologiese oorwegings oor sake soos Luther se sendinggedagtes, sy evaluering van Franz Xaver, die akkomodasiemetode, regverdiging en sending, kolonialisering en sending, 'n evaluering van die sendeling Ziegenbalg, ens.

Hierdie sendinghistorici trek dus sendingmetodiese grondstellings uit die sendinggeskiedenis. Die sendingteorie word gevolglik in die ou Protestantisme nie uit die gesprek met die sendingpraktyk gehaal nie maar uit die sendinggeskiedenis wat op die praktyk berus. Geskiedenis word eksemplaries beskou.

By die Protestantse sendinggeskiedskrywing verdring die *res factae* die *res fictae* op die agtergrond meer as by die Roomse aanbieding. Die werklikheidsbewussyn was in die Protestantse gevalle sterker as in die Roomse ge-

valle.

Die 18de en 19de eeu het kerkhistorici opgelewer soos Gottfried Arnold, Johann Lorenz von Mosheim, August Neander, Karl von Hase e.a. Hulle bied almal weinig oor die uitbreidinge van die Christendom, veral in hulle eie tyd. So is dit tot vandag toe by die kerkhistorici. Die lektuur van die sendinghistorici is dan ook vanuit hierdie hoek min beïnvloed.

Gedurende die 19de eeu het sendinggeskiedenis sterker ingegroei binne die sendingwetenskap en -teorie. Dit loop langs drie weë: eerstens die praktiese studie van sendinggeskiedenis wat aan die universiteite gevolg is; tweedens die oorweging en inskakeling van sendinggeskiedenis in die teologiese ensiklopedie en metodologie en derdens die sendinghistoriese literatuur wat sedert Schleiermacher saam met ander publikasies op hierdie nuwe studiegebied verskyn het.

Talle sendinghistoriese voordragte is aan Europese universiteite gehou. Die stroom hiervan het al wyer gegroei. Hiermee saam is opnuut teologies na die verhouding van sendinggeskiedenis tot kerkgeskiedenis gekyk.

Die ensiklopediste K.R. Hagenbach en A.F. Pelt wil aan die sendingteorie en -geskiedenis 'n eie plek toeken. Hagenbach meen dat vir die gewone teologiese studie kerk- en sendinggeskiedenis kan saamval maar nie vir die opleiding van praktiese sendelinge nie.

Hagenbach het aanvanklik net van sendinggeskiedenis gepraat. Nadere presisering word daaraan geoied as dissipline vir die beroepsendeling, as suiwer sendinggeskiedenis en as onderdeel van die kategetiek en wel as Apostoliek of Keruktiek.

Gaandeweg het sendinggeskiedenis en sendingteorie uitmekaar begin gaan. Dit was die voorspel tot sendingteorie en -geskiedenis.

Hagenbach onthef dus die kerkgeskiedenis van die sendinggeskiedenis.

Gedurende die 19de eeu verskyn Blumhardt se *Versuch einer algemeinen Missionsgeschichte der Kirche Christi.* Hy het tevergeefs na 'n kerkhistorikus hiervoor gesoek en toe maar self drie dele saamgestel (tot by Karel die Grote). Sy werk het egter met sy dood in 1838 onvoltooid gebly.

Hy plaas die sendinggeskiedenis tegelykertyd binne en teenoor die kerkgeskiedenis. Hy beskou dit so dat die sendinghistorikus binne die kerkgeskiedenis wandel en nadere aanduidings maak: die innerlike toestand van die volk by die aanraking met die Christendom, die biografiese trekke van die geskiedenis, navorsing en die middelė, weë, metodes ens. van die sending.

Die werk van Langhans, *Pietismus und Christentum im Spiegel der aussere Mission*, is 'n historiese weergawe maar het teties die saaklike en onontbeerlike sendingteoretiese benadering omlyn.

Dusdoende het Gustav Werneck, man van die uur, se *Allgemeinen Missionszeitschrift*, 'n maandblad vir "geschichtliche und theoretische Missionskunde," tot stand gekom. Warneck het inderdaad die sendingteorie gemaak wat dit geword het! Warneck sien die sendinggeskiedenis geïntegreer binne die groot raamwerk van die algemene kerkgeskiedenis. Tog moet die sendinggeskiedenis as geskiedenis van die "Geschichte der Ausbreitung des Christentums" 'n selfstandige dissipline wees. Om die kerkgeskiedenis steeds wyer en wyer uit te brei doen volgens hom. nie reg aan sendingnavorsing nie.

3. Sintese

Dit is duidelik dat die sendinggeskiedenis uit die kerkgeskiedenis gegroei het, ofskoon die aksente by eersgenoemde geheel en al anders lê as by laasgenoemde. Dit sal dan ook aan sowel kerk as sendinggeskiedenis te kort doen as die twee dissiplines van mekaar geskei moet word; trouens, daar is selfs sprake dat die kerkgeskiedenis as sendinggeskiedenis oorgeskryf kan word, omdat die geskiedenis van die kerk aantoon hoe die kerk t.o.v. sy grondslag, diepte en voortgang leef uit wat missionêr gedoen is en beslag gevind het. Die feit is dat beide hierdie dissiplines by mekaar leef.

Die suggestie bestaan dat dit as onderafdeling van die kerkgeskiedenis 'n aantal eie hoofstukke sal beslaan maar dan as kerkgeskiedenis. Die leemte hiervan en probleme hiermee is dat tot nog toe op baie onbevredigende wyse met die sendinggeskiedenis te werk gegaan is. Die materiaal is òf romanties onwetenskaplik rondom die doen en late van bepaalde sendingfigure verwerk òf veroppervlakkig sonder navorsing oor sendingmotiewe, -metodes ens. Die metodiese onderdak by die kerkgeskiedenis het tot die afwesigheid van deurtastende navorsing gelei.

Daar bly dus slegs die weg oop van sendinggeskiedenis as selfstandige teologiese dissipline.

Die parallel bestaan by die dogmageskiedenis, wat terdeë geskiedenis is maar as selfstandige dissipline buite die kerkgeskiedenis voorkom en funksioneer.

Die motivering vir hierdie standpunt is die volgende:

Eerstens lê die gebeure wat deur die sending- en kerkgeskiedenis beskryf en geëvalueer moet word, nie binne dieselfde vlak nie. Die sendinggeskiedenis bewerk die gebeure rondom die oorspronklike verkondiging van die Woord van God, tot in die stadium dat daar 'n kerk tot stand gekom het. Dit beteken nie dat die kerkgeskiedenis dan formeel by die sendinggeskiedenis oorneem nie. Selfs na die totstandkoming bly dit nog sendinggeskiedenis. Maar êrens vorentoe vloei dit oor in die kerkgeskiedenis.

Tweedens gaan dit in die sendinggeskiedenis ook om die kerk maar dan die kerk t.o.v. 'n bepaalde aksent daarvan en vanuit 'n bepaalde gesigpunt besien. Dit gaan by die sendinggeskiedenis om die vervulling van die sendingtaak, terwyl dit in die kerkgeskiedenis anders lê. Sekere momente voer die kerkgeskiedenis tot ingrypende koersverandering. Sulke momente is byvoorbeeld die Reformasie, die Dordtse Sinode ens. Ander momente is sendinghistories van buitengewone belang, terwyl dit nouliks in die kerkgeskiedenis vermeld word, bv. die sendingwerk van George Schmidt aan die Kaap.

Derdens kan die sendinggeskiedenis nie binne die verband van die Missiologie gemis word nie. Daubanton oorskat hierdie funksie van die sendinggeskiedenis as hy meen dat die sendingteorie geheel en al aan die sendinggeskiedenis ontleen moet word. Dit neem egter nie die feit weg dat die sendingteorie te arm sal wees en 'n leemte sal toon as dit nie die sendinggeskiedenis tot sy beskikking het om motiewe, metodes, probleme soos akkommodasie ens. te behandel nie.

Die sendinggeskiedenis is geen fondament of bron vir die sendingteorie nie maar leer die les waarvan die teorie kennis moet neem. Omgekeerd geld dieselfde. Die sendinggeskiedenis leun teen die sendingteorie aan, want laasgenoemde bied die norme waarvolgens die geskiedenis beskryf en geëvalueer

word.

Vierdens voer die sendinggeskiedenis tot 'n terrein wat in elk geval buite die gesigsveld van die sendinggeskiedenis lê, naamlik die oorwegings wat in die hart van diegene gelê het wat in die sending begin werk het – motiewe, oorwegings, gesindhede, voorstellinge, oorwinning van geestelike stuikelblokke.

Vyfdens beteken dit egter nie dat kerk- en sendinggeskiedenis kompartementeel van mekaar geskei moet word nie – die hele teologie is immers 'n eenheid – omdat beide per slot van sake die een, heilige, algemene Christelike kerk tot voorwerp van studie het.

Beide studies verg egter, uit hoofde van die verskillende studiemateriaal, aksentligging en metode outonome en selfstandige dissiplines.

So na staan hierdie teologiese dissiplines egter aan mekaar dat dit oorweging kan verdien wanneer en hoe sendinggeskiedenis as deel van die kerkgeskiedenis en kerkgeskiedenis as deel van die sendinggeskiedenis beskou kan word.

**Bronne vir verdere studie**


BAVINCK, H. 1954. Inleiding tot de Zendingwetenchap. Kampen, Kok.

FROHNES, H. 1974. Missionsgeschichte und Kirchengeschichte. (*In* Frohnes, H. & U.W. Knorr. Die alte Kirche. München. Kaiser.)

HOLSTEN, W. 1953. Das Kerugma und der Mench, München, Kaiser.

WARNECK, G. 1897. Evangelische Missionslehre, Deel I. Die Begründung der Sendung. Gotha, Perthes.


***